

17 November

Skrifgedeelte: Openbaring 3:7-13

Fokusgedeelte: Openbaring 3:8

God maak deure oop!

God alleen kan 'n deur vir sy kerk oopmaak! As God nie die geleentheid skep nie, kom selfs die mees haarfyn beplande projek nie van die grond af nie!

Maar wanneer Hy 'n deur oopmaak, kan jy daardie geleentheid met volle oortuiging aangryp. Selfs al is die kanse om daarvan 'n sukses te maak, hoe min! Die Here maak 'n deur vir die gelowiges in Filadelfia ('n klein gemeente met min geld) oop om aan die Jode, die vennote van Satan, die evangelie te bring! Filadelfia was 'n klein gemeente met te min mense en te min geld om so 'n groot projek te loods!

Tog skep die Here vir haar 'n geleentheid om die evangelie uit te dra. Die Heilige, die Waaragtige, die Een wat die sleutel van Dawid het, neem leiding. Hy beplan alles, beheer alles. Hierdie mag verwerf Hy met sy kruisoorwinning oor Satan. Nou kan Hy van 'n vyand 'n vriend maak; van 'n goddelose 'n gelowige!

Moenie jou dan teen jou en jou gemeente se beperkinge blindstaar nie! Hou vas aan Hom en sy beloftes. Kyk wat God deur sy Woord en Gees laat gebeur! Hy gebruik ons met ons beperkinge! So maak Hy deur sy Woord en Gees van mense wat eers heeltemal koud teenoor Hom gestaan het, dienaars in sy kerk en Koninkryk! Maak jou oë daarvoor oop: Hy sal jou gebruik!

Sing: Skrifberyming 15-7:1, 5

Ds SFF van der Walt (Kathu/Olifantshoek)